Limitless Tutor

www.limitlesstutor.co.za

Practise Sentences – Verlede Tyd Questions:

Skryf die sin oor in die Verlede Tyd:

1. Ons ma word vyftig jaar oud.
2. Sy het 'n rooi rok.
3. Die vet man ooreet homself.
4. Wie soek jy by jou partytjie?
5. Die kinders sit by die swembad en gesels.
6. Die kinders spring en swem die hele dag in die swembad.
7. Hy moet sy projek Maandag klaarmaak.
8. Ons voltooi die werk.
9. Hulle is so gelukkig soos 'n vark in modder.
10. Die onderwyser ondersoek die saak.
11. Die meisie staan soggens vroeg op.
12. Ons praat oor die verlede.
13. Wie is die persoon in die winkel?
14. Hy staan elke oggend vroeg op.
15. Jy moet vir ons pannekoek maak.
16. In ons gedagtes is jy altyd die wenner.
17. Die vrou kyk na die pragtige skildery.
18. Brendan sien die man lees.
19. Ek slaap baie wanneer ek moeg is.
20. Ons sal nou biblioteek toe gaan.

Memo:

1. Ons ma het vyftig jaar oud geword.

2. Sy het ‘n rooi rok gehad.

3. Die vet man het homself ooreet.

4. Wie het jy by jou partytjie gesoek?

5. Die kinders het by die swembad gesit en gesels.

6. Die kinders het die hele dag in die swembad gespring en geswem.

7. Hy moes sy projek Maandag klaarmaak.

8. Ons het die werk voltooi.

9. Hulle was so gelukkig soos ‘n vark in modder.

10. Die onderwysers het die saak ondersoek.

11. Die meisie het soggens vroeg opgestaan.

12. Ons het oor die verlede gepraat.

13. Wie was die persoon in die winkel?

14. Hy het elke oggend vroeg opgestaan.

15. Jy moes vir ons pannekoek maak.

16. In ons gedagtes was jy altyd die wenner.

17. Die vrou het na die pragtige skildery gekyk.

18. Brendan het die man sien lees.

19. Ek het baie geslaap toe ek moeg was.

20. Ons sou toe biblioteek toe gaan.